ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 62 Nr. 2

September/Oktober 2014

Voorstelling van Martin Luther se verskyning voor die Ryksdag van Worms.

Christelike gehoorsaamheid, protes en verset in Bybelse Lig

So bely die VCHO sy:

Doel:

Die bevordering van

- **Christelike opvoeding,**
- **Christelike onderwys en**
- **Christelike wetenskap**

"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." (2 Tim. 3:16 en 17).

Grondslag

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

"Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug." (Spreuke 1:7)

"Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." (Matteus 28:18-19).

Missie

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

SKRIFLIG

Geneem uit: *Calvyn vir vandag*, Dagstukke

Joh. 19:10-16

Die hoë roeping van die regters

... God is die Regter! – Ps. 75:8

Hoe sal die regters dit waag om 'n onregverdige oordeel uit te spreek? Dieselfde mond is immers bestem om 'n spreekbuis van die Goddelike waarheid te wees. Hoe sal hulle gewete hulle toelaat om goddelose besluite te onderteken? Dieselfde hand is bestem om die handelings van God neer te skryf. Kortom, as hulle daaraan dink dat hulle plaasvervangers van God is, moet hulle met alle sorg, gedienstigheid en vlyt optree. Hulle moet toesien dat hulle vir die mense 'n voorbeeld is van die Goddelike voorsienigheid, bewaring, goedheid, welwillendheid en regverdigheid.

En voortdurend moet hulle in gedagte hou (Jer. 48:10) dat almal vervloek word wat God se wraakgerig kastig uitoefen, maar opsetlike bedrog pleeg. Daar sal inderdaad op diegene wat in 'n eerbare roeping bedrieglik optree, 'n baie swaarder vloek rus.

Toe Moses en Josafat hulle regters op hul plig wou wys, het hulle geen kragtiger motivering gehad as wat in Deut 1:16 en 2 Kron. 19:6 opgeteken is nie: "Kyk wat julle doen, want julle spreek nie reg vir die mens nie, maar vir die Here; en, Hy is by julle in die regspraak. Mag die skrik vir die Here dan nou op julle wees; handel nougeset, want by die *Here* onse God is geen onreg nie …"

Indien die regters iets verkeerds doen, is hulle nie alleen onregverdig teenoor die mense wat hulle wederregtelik krenk nie; hulle verag ook God self. Want dit is Sý heilige regspraak wat hulle besoedel.

Aan die anderkant het hulle ook 'n voortreflike bron van vertroosting. Hulle moet daaroor nadink dat hulle nie besig is met onheilige praktyke wat vreemd aan 'n dienskneg van God is nie. Inteendeel, hulle staan in 'n baie heilige amp waar hulle die opdragte van God uitvoer.

Inst. IV, 20, 6

Here, ons bid dat U hulle wat die reg spreek, deur u genade sal dra.

In hierdie uitgawe

Reformasie as historiese versetbeweging	3
Gehoorsaamheid en verset	7
Stryd om die een Evangelie	10
Burgerlike ongehoorsaamheid	14
Calvinistiese Alliansie	16
Rebellieboek	18

Die Reformasie as historiese versetbeweging

Prof. Hendrik van der Wateren

'n Mens kan baie nostalgiese drome droom; oor die ou dae, oor die verlede, maar wat kan ons vandag leer uit die Reformasie as 'n historiese versetbeweging.

Wanneer verset of 'n versetbeweging ter sprake is, is daar sprake van gesag waarteen in verset getree word.

Die woord gesag kom van sê. En dit verplaas ons onmiddellik na Genesis 1: en God het gesê – en dit was so. Tien keer word dit herhaal: God het gesê ...

Hy het gesagswoorde gespreek en daaruit het magsdade voortgevloei. Nie as afsonderlike handelinge nie; God se magsdade is een met sy gesagswoorde. In ons beperkte begripsvermoë kan ons dit nie begryp nie. Ewe min kan ons begryp hoe die Here alles gesagvol onderhou.

Ons glo dit, want so het Hy Hom in sy Woord geopenbaar. (As't ware met donderslae van sy stem – soos in Ps. 29; ook Ps. 33 en vele ander plekke.)

Die wonder is selfs nog dieper. Wanneer God Hom met sy Naam aan Moses openbaar (Ex. 3:14), dui dit in die diepste betekenis van sy Naam, die sg. wortelwoord, dat Hy Gesag is.

Ons kan dus sê God ís gesag en Hy hét gesag. So het Hy Hom aan ons in sy Woord geopenbaar.

Wanneer ons nou na verset wil kyk, plaas dit ons noodwendig voor Rom. 13 waarin ons tot gehoorsaamheid aan die menslike owerhede opgeroep word.

Rom 13 eis nie 'n slaafse onderwerping aan elke menslike gesagsliggaam wat oor jou gestel is nie.

Die rede is eenvoudig: die mens beskik glad nie oor inherente gesag nie. Maar, so bely ons in Art. 36 van die N.G.B., God het vanweë die verdorwenheid van die mensdom gesagsliggame ingestel "sodat die losbandigheid van die mense bedwing kan word en alles met goeie orde onder die mense kan geskied".

Word Rom. 13 saamgelees met Matt. 22:21 en ander verwante uitsprake (1 Tim. 2; Kol. 2; 1 Kor. 14 en N.G.B. 36) word die volgende duidelik:

- In die eerste plek bevestig dit die radikale andersheid tussen God se absolute, soewereine, gesag en alle vorme van menslike gesag wat slegs ingestel is om orde in die samelewing te handhaaf.
  Tweedens is dit duidelik dat alle menslike owerhede geroep is om God se soewereine gesag te erken en Hom te gehoorsaam.
- Gehoorsaamheid aan menslike gesagsliggame wortel, derdens, in samelewingsorde.
- Want, vierdens, owerheidsliggame is tekens van God se ontfermende liefde.
- In die vyfde plek: wanneer orde deur wanorde bedreig word deur 'n wettelose owerheid, word dit 'n onwettige owerheid en dan is verset geregverdig.
- Want, in die sesde plek: 'n Onwettige owerheid is in wese in verset teen die gesag van God en dit roep om regstelling.

Hierdie punte trek saam in die uitspraak van ons Here: (Matt. 22) "betaal die keiser wat die keiser toekom en God wat God toekom". Gehoorsaamheid aan God is dus die maatstaf waaraan gehoorsaamheid aan die owerheid getoets word.

God is gesag en Hy het gesag. Hy is soewerein. Enige menslike gesagsliggaam ontvang gesag bloot ter wille van orde. Dit is die eerste les wat ons leer.

Wat leer die Woord ons, teen hierdie agtergrond, oor verset?

Die grond van verset is Hand. 4 waar Petrus en Johannes duidelik aan die Joodse Raad verklaar: "of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek ... nie".

Hier het ons 'n voorbeeld van twee vissermanne wat tereg staan voor 'n gekombineerde owerheid van 'n kerklike en burgerlike gesagsliggaam.

En hulle tree daarteen in verset:

- Hulle proklameer eerstens die gesag van God aan wie gehoorsaamheid verskuldig is.
- Tweedens beroep hulle hulle op die Waarheid van die Woord.
- Derdens tree hulle ordelik op.
- Vierdens beroep hulle hul op God self wanneer hulle die saak in gebed voor God lê.

Op grond van die voorgaande kan ons vir ons omstandighede vyf oorhoofse kenmerke of vereistes van verset aflei:

- Die eerste vereiste is hartgrondige bekering sodat elkeen met **ontsag** onder die

Vervolg op bl. 4

Vervolg van bl. 3

indruk kom van die **gesag** van God. Daarvan sê Calvyn: Dit is om God as regter te aanvaar en in alles gehoorsaam te buig onder sy beskikking.

- Die tweede vereiste is 'n deurlopende getuienis in leer en lewe.
- 'n Derde vereiste is openlike protes teen die onreg. Dit sluit nou aan by getuienis maar is meer doelgerig en planmatig.
- Eers dan kan as vierde stap aan lydelike of aktiewe verset gedink word.
- Die vyfde stap is openlike rebellie. (In hierdie verband kan aan die Groot Trek van 1836 gedink word.)

Nou leef ons 175 jaar na die Groot Trek en ons leef in 'n rewolusionêre denkklimaat. Daarom moet ons duidelik onderskei tussen verset en rewolusie.

- Verset is weerstand teen die onreg van gesagsmisbruik; Rewolusie is opstand teen gesagsorde.
- Verset is ordelik; Rewolusie stig wanorde.
- Verset is openlik; Rewolusie is bedek.
- Verset staan op die Waarheid; Rewolusie teer op die leuen.
- Verset streef na reformasie d.w.s. herstel volgens 'n vaste norm; Rewolusie streef na omkeer, 'n omwenteling na iets anders.

Duidelike begripsformulering is dus nodig. Want as begrippe soos verset, reformasie, rewolusie en verandering deurmekaar geklits word, kan ons nie meer die wesentlike dinge onderskei nie.

- Toe P.W. Botha in die sewentigerjare met die begrip "politieke hervorming" gekom het, het hy eintlik met sy Rubicontoespraak 'n omkeer, 'n rewolusie bepleit.
- Die begrip "grondhervorming" is geen hervorming nie maar 'n rewolusionêre omkeer met onderliggende dreigemente.
- Die Engelse begrip "affirmative action" is vertaal met "regstellende aksie" – dit is gewoon 'n leuen.

Die slordige taalgebruik het so reeds gelei tot begripsverwarring.

'n Slordige lewe het terselfdertyd gelei tot verwarring van ons denke.

Een van ons diepste krisisse is dat ons lewe asof godsdiens los staan van ons daagliks lewe; Sondagse kerk hou nie verband met die week se werklikheid nie.

- Ons bid maklik op Sondag: Laat U Naam geheilig word. Maar in die week vergeet ons van die eerste gebod: Jy mag die Naam van die Here nie ydellik gebruik nie. Ons het dus bekering nodig – as eerste stap vir verset.
- Sondag sit baie mense ywerig in die kerk maar na kerk word ontspan met die koerant, televisie, sport en selfs met inkopies. Dan is die dag myne; Die vierde gebod en Sondagsheiliging tel nie. Van 'n deurlopende getuienis as tweede vereiste vir verset is daar dan geen sprake nie.
- Die Naam van God – en dus sy Gesag – word daagliks op straat en in die media gelaster. Ons het 'n dringende behoefte aan die derde vereiste nl. openlike protes.
- Sondag bid ons "Laat U koninkryk kom". Die daaglikse moorde, roof, korrupsie roep ons op tot verset. Ons het egter nie die krag daarvoor nie, want die eerste drie vereistes ontbreek. Daarom is ons verlam.

Die kombinasie van begripsverwarring en verwarring van ons denke het reeds gelei tot wat Calvyn genoem het 'n algehele sinsverbystering. Daarom kan ons bv. nie eers behoorlik onderskei tussen verset en rewolusie nie.

Die gevolge is verreikend want dit het reeds die gesag van God in die gedrang gebring.

Kyk ons so na ons volk se geestelike mondering nou is daar duidelike lesse wat ons uit die Reformasie kan leer.

Die lewe was nie wesentlik anders in daardie tyd nie. Want die mens streef voortdurend daarna om die gesag van God opsy te skuif.

Toe Luther deur 'n bliksemstraal neergevel is, was dit die begin van sy bekering – al was dit 'n worsteling van byna 6 jaar. Toe, in 1517, het hy openlik getuig met sy 95 stellings teen die kerklike owerheid. In sy verdediging daarvan het hy openlik geprotesteer. Dit het hy vreesloos gedoen deur selfs die Pouslike bevel oor sy uitdrywing uit die kerk in die openbaar te verbrand. Dit kan selfs in 'n sekere sin as 'n daad van verset bestempel word. Daarna het hy voortgegaan met openlike protesprediking sodat algemeen van protestante gepraat is.

In wese het Luther, soos Petrus en Johannes, opnuut die gesag van God in die kerklike lewe geproklameer. Hy wou nie die kerk skeur of uit die kerk wegbreek nie; hy wou die kerklike lewe herstel – d.w.s. hervorm.

Een van die belangrikste – dalk dié belangrikste – bydraes van Luther, is dat hy die Woord in Duits vertaal het. Hy worstel jarelank met die Roomse leer van 'n strawwende God. Eers as hy die Romeine brief vertaal besef hy dat God se geregtigheid tegelyk ook sy genade en liefde uitdruk. In hierdie grondliggende werk vertaal hy Rom. 3:28 "allein durch den glaube". In Afrikaans

Vervolg op bl. 5

Vervolg van bl. 4

lui dit: Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet. Luther vertaal: "alleen deur die geloof".

Hiermee is 'n tradisie begin. Sola fide in Latyn – alleen deur geloof – het 'n strydroep van die Reformasie geword. Later is bygevoeg Sola Scriptura – alleen die Woord, Sola Gratia – genade alleen, Sola Christo – Christus alleen, Soli Deo Gloria, alleen aan God die eer.

In hierdie strydroepe is die krag van die Reformasie saamgetrek. Want daarmee is die gesag van God kernagtig saamgevat.

Calvyn het tot bekering gekom nadat hy die Lutherse leer aanvanklik ywerig beveg het. "Asof met 'n bliksemstraal uit die hemel", so skryf hy, het hy tot die besef van sy dwalinge gekom.

Hy erken sy voorgangers van wie hy die reformatoriese waarhede geleer het. Dan begin hy die Romeinebrief grondig bestudeer en skryf hy "as iemand 'n ware kennis daarvan verkry het, het hy 'n geopende deur tot die mees verborge skatte van die Skrif".

Hier hoor ons een van die grondpilare van die Reformasie: Sola Scriptura – die Woord alleen!

Sy kommentaar op die brief van Paulus aan die Romeine bevat dan ook van die mees fundamentele antwoorde van die Evangelie, bv:

- Die Woord is geldig op alle lewensterreine. In wese proklameer hy opnuut weer God se gesag in die kerklike én burgerlike lewe. Weer hoor ons Petrus en Johannes daarin – dat God meer gehoorsaam moet word as menslike owerhede.
- Die mens skep egter – so skryf Calvyn – op kranksinnige wyse 'n eie god wat van onsinnige fantasieë getuig. Daarom, sê hy, is die eenheidsband van die geloof nodig om tot een volk saam te groei. (Jer. 31:6)
- Dan moet ons onthou: Die saligheid is alleen in Christus te vind.
- In Christus vind die Romeinebrief sy orde en samehang: dat ons deur geloof geregverdig word, (Sola fide) dat ons in Christus tot heiligmaking kom, (Sola Christo) dat ons daagliks voor die wet van God staan maar deur Christus vertroos word (Sola Gratia). Daarom word ons tot 'n suiwer Christelike lewe vermaan (Soli Deo Gloria).

(Met hierdie enkele grepe wil ek volstaan. Ons het die juweel van Calvyn se kommentaar op Romeine in die Afrikaanse vertaling van prof. S. Postma. Selfs hierin het ons, om Paulus aan te haal, geen verontskuldiging nie.)

Betreffende verset laat Calvyn hom skerp uit: dit mag slegs wanneer dit ordelik verloop binne die raamwerk van 'n ordelik-saamgestelde liggaam; wat hy in sy lewensraamwerk laere magistrate noem.

(Die te stigte Calvinistiese Alliansie kan as laere magistraat getipeer word mits dit as verkose liggaam verder ordelik verloop.)

So het Luther, en veral Calvyn die Waarheid van die Woord nagevolg en opnuut helder geproklameer.

Daarin het die krag van die Reformasie gesetel.

As ons dit alles begryp moet ons ook nog weet: Reformasie vra stryd. Naas die innerlike stryd tot bekering moet ons verwag dat ons openlik tot stryd gedaag sal word. Daarvan is die bloedbruilof van 24 Augustus 1572 en die bloedige vervolging van bykans 270 jaar genoegsame historiese getuienis.

Maar daarvan is ook die stigting van die G.R.A. op 14 Augustus 1875 uit die behoefte van die Woord in ons eie taal die getuienis. En die vrug daarvan is 58 jaar later gepluk op 26 Augustus 1933 toe die eerste Afrikaanse vertaling van die hele Bybel in ontvangs geneem is.

Volhardende stryd. Dit is wat nodig is; Dit is die les van die Reformasie.

Is ons daarvoor gereed?

As ek u nou tot verset sou oproep sal ek gewoon onverantwoordelik wees. As ons daarteenoor net mooi drome oor die verlede wil droom gaan hierdie dag nutteloos verby.

Daarom die vraag: is ons tot stryd bereid?

Ons het vir volhardende stryd 'n waarborg. Die afskeidswoorde van ons Here by sy hemelvaart was "Aan my is gegee alle mag in die hemel en op aarde" (Matt. 28:18). Hy regeer sedertdien as die owerste van die konings (Openb. 1:5).

Ons is dan geroep om die gesag van die Here oor ons hele lewe te erken en openlik te verklaar.

Hoe?

Toe ons volk in 1902 na die verwoestende oorlog platgeslaan was, het die aangrypende hoofstuk 5 van Klaagliedere die gemoedstemming van die destydse volksleiers weerspieël. Ek beklemtoon net enkele grepe.

vs 1. Dink, Here aan wat oor ons gekom het ...

vs 2. Ons erfdeel het na vreemdes oorgegaan.

vs 13. Jongmanne dra die handmeul, en seuns struikel onder die drag hout.

vs 14. Die oudstes is nie meer in die poort nie, die jongmanne sonder hulle snarespel.

Vervolg op bl. 6

Vervolg van bl. 5

vs 16. Die kroon van ons hoof het afgeval; wee ons, dat ons gesondig het.

vs 19. U, Here, sit vir ewig. U troon is van geslag tot geslag.

vs 21. Bekeer ons tot U, Here, dan sal ons ons bekeer; vernuwe ons dae soos in die voortyd.

Weerspieël dit nou weer ons volk se gemoedstemming?

Leef die versugting wel by ons: bekeer ons tot U, Here, dan sal ons ons bekeer.

Dan is dit tyd dat ons die gesag van Christus in ons persoonlike, kerklike en burgerlike lewe – m.a.w. in ons hele lewe – erken.

Hoe ver moet ons dan in die geskiedenis terugblaai om weer hierop perspektief te kry?

- In 1942 sê Totius in 'n debat oor ons volk se reg tot voortbestaan: Ek het nie 'n teks nie; ek het die hele Bybel. Daarin beroep hy hom op die gesag van God wat spreek van Genesis tot Openbaring. Vir sy eie bestaansreg beroep hy hom op die gesag van God se Woord. Dit sê: Sola Scriptura.
- In 1845 sê Groen van Prinsterer: Teen die rewolusie die Evangelie. Dit sê alleen deur geloof in die Gesagswoord van God – sola fide – kan 'n gees van rewolusie verdryf word.
- In 1539 sê Calvyn dat die Woord van God geldend is vir alle lewensterreine. Hy beroep hom op God se gesag in Christus – sola Christo – vir die volle lewe; want Hy is die lewende God.
- Ongeveer 60 jaar n.C. skryf Paulus dat ons in Christus geregverdig word, uit genade, deur die geloof (Ef. 2:5-9).
- Teen 650 v.C. sê Jeremia: "So spreek die Here: staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel" (Jer. 6:16).
- Jesaja sê (in ±740 v.C.): "Weet jy dit nie? Of het jy dit nie gehoor nie? 'n Ewige God is die Here, Skepper van die eindes van die aarde" (Jes. 40:28-31).
- En die Here sê: (tydloos d.w.s. bo tyd verhewe) "En daarom sal Ek met ongeduld daarop wag om julle genadig te wees" (Jes. 30:18).

  Hy wag met die belofte van ons Here, Jesus Christus: "My vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee ek aan julle nie" (Joh. 14:27). Daarom kan ons uitroep: aan God alleen die eer.

  Bekeer ons tot U, Here. Dit is dan opnuut ons versugting.

Met trane (vs. 16) en heilige bewoënheid (vs. 20) skets Jeremia in hoofstuk 1 en weer in Klaagl. 1 die treurige toestand van sy volk.

En dan roep hy uit: "Raak dit julle nie, julle almal wat met die pad verbygaan" (Klaagl. 1:12).

Dit is 'n blywende gewetensvraag: raak dit julle nie!

Mag ons dan terugskouend na hierdie dag sê dit was goed. En mag vandag die begin wees van 'n ware herlewing, van 'n Reformasie, van 'n opregte bekering waaruit later ordelike verset kan vloei. Verset teen kerklike wanorde en burgerlike dwingelandy; sodat die rewolusie oor ons volk deur die gesag van die Here, gestuit kan word.

Perspektiwiese publikasies

Die VCHO het oor die jare heen verskeie publikasies met perspektiwiese inhoude en strekking laat verskyn. Bewus van gebeure op die staatkundige horison het, byvoorbeeld, nader aan die einde van die vorige eeu, boeke wat die toekomstige staatkundige bedeling in perspektief stel, verskyn. Twee daarvan was o.m. die volgende studiestukke:

'n Kritiese analise van tien sleutelbegrippe in die nuwe konstitusionele riglyne van die ANC; en

Die ANC en die revolusionêre aanslag op kerk en politiek.

Die bogemelde publikasies het tydig verskyn, ten einde die Suid-Afrikaanse bevolking – die wat daarmee erns wou maak – in te lig oor wat op staatkundige terrein aan die kom was. Hierdie publikasies het reeds gedurende die 80-erjare verskyn, lg. in 1989, sodat die leserspubliek kon kennis neem van wat aan die gebeur is in Suid-Afrika.

Terugskouend kan ons verklaar dat die staatkundige toneel inderdaad so ontplooi het soos wat reeds in die 80-erjare voorsien was. Reeds in daardie jare het alles daarop gedui dat 'n revolusie in Suid-Afrika aan die kom was, indien daar met die voorgeskrewe staatkundige bedeling voortgegaan sou word. Vandag is ons inderdaad dáár waar destyds voorsien was dat ons op staatkundige gebied ons sou bevind, indien dit nie teengestaan sou word nie. Ons bevind ons midde-in die revolusionêre voltrekking van wat destyds met die bekendmaking van die dokumente van die revolusie reeds duidelik begin word het. Die vraag vandag is nie meer wat aan die kom is nie – die rewolusie is reeds met ons – maar waarheen is ons op pad en hoe hoe moet ons ons hieraan ontworstel?

'n Derde publikasie het enkele jare gelede verskyn, *Die Protestantse staatsbeskouing en verse*t, wat verdere perspektief gee op hoe, vanuit ons Calvinistiese beskouing, hierop gereageer moet word.

Al die gemelde publikasies is steeds van die VCHO beskikbaar en kan van die kantoor verkry word.

Gehoorsaamheid en verset in Skriflig

Geneem uit: *Die Protestantse staatsbeskouing en verset,* VCHO publikasie

Gehoorsaamheid aan die staatsowerheid

Die Calvinistiese eis van gehoorsaamheid aan die gesagsinstellinge wat oor die mens gestel is, wentel rondom Romeine 13:1-7. Dit lui, volgens die 1953-vertaling, soos volg:

1. Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel,

2. sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang.

3. Want die owerhede is geen voorwerp van vrees by die goeie dade nie, maar by die slegte. Maar wil jy die mag nie vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof van hom ontvang;

4. want hy is 'n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen te straf.

5. Daarom is dit noodsaaklik om jou te onderwerp, nie alleen ter wille van die straf nie, maar ter wille van die gewete.

6. Want daarom betaal julle ook belastings; want hulle is dienaars van God wat juis hiermee voortdurend besig is.

Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is; belasting aan die wat belasting, tol aan die wat tol, vrees aan die wat vrees, eer aan die wat eer toekom.

Wat die plig van die onderdaan teenoor die staatsowerheid betref, bepaal die tweede gedeelte van artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* soos volg:

> Verder is elkeen, van watter hoedanigheid, toestand of staat hy ook mag wees verplig om hom aan die owerhede te onderwerp, belastings te betaal, aan hulle eer en eerbied te betoon en hulle gehoorsaam te wees in alles wat nie stry met die Woord van God nie; vir hulle voorbidding te doen, sodat die Here hulle mag bestuur in al hulle weë en ons 'n rustige en stil lewe kan ly in alle Godvrug en waardigheid. Hierin verwerp ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerhede en regeerders verwerp en die regterlike gesag omver wil werp, die gemeenskap van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense ingestel het, in verwarring bring.

In verskeie Calvinistiese geloofsbelydenisse word die hooflyne van die gehoorsaamheidsplig in artikel 36 verwoord. Die *Boheemse Geloofsbelydenis* van 1609 bepaal in artikel 16 dat dit beveel word in Gods Woord dat almal gehoorsaam moet wees aan die owerhede in alle dinge – egter alleen in die dinge wat nie stry teen God en sy Woord nie. Wat die geloof en belydenis betref verklaar dié belydenis, dat die mense slegs gehoorsaam moet wees aan Gods Woord en hul leraars, soos Christus self sê: "Gee aan die keiser wat die keiser toekom en aan God wat God toekom." Indien iemand die gelowige sou dwing om dinge te doen wat teen God ingaan en stry met Sy Woord, wat ewig bly, laat hulle leer om die Apostels se voorbeeld te volg wat vir die magistraat van Jerusalem geantwoord het dat dit betaamlik is om God meer gehoorsaam te wees as die mense.

Die *Teses van Zwingli* van 1523 lui dat die wêreldlike owerheid mag het en bevestig word uit die leer van Christus. Alle Christene is gehoorsaamheid verskuldig aan die owerheid, niemand uitgesonder nie, dit wil sê in soverre die owerheid nie iets teen God gebied nie.

Dit is opvallend uit al hierdie verwysings dat die gehoorsaamheidsplig telkens gekwalifiseer word met verwysing na Handelinge 5:29: "... Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense".

Die vraag is egter: "Wat was Calvyn se standpunt met betrekking tot die onderdaan se verset teen die staatlike owerheid?"

Calvyn se burgerlike versetleer

Calvyn gaan uit van die standpunt uit dat God meer gehoorsaam moet word as die menslike gesagsdraers. Wanneer die menslike gesagsdraers bevele gee wat indruis teen die norme soos deur God gegee, moet die gesagsonderdaniges weier om hieraan gehoorsaam te wees.

Eerstens is dit opvallend, by die eksplisering van Calvyn se versetbeskouing, dat private indivi-

Vervolg op bl. 8

Vervolg van bl. 7

due en groepe as sodanig geen reg van verset teen die owerheid het nie, selfs al sou die vors sy gesag misbruik. Gewapende verset onder hierdie omstandighede sou neerkom op verset teen God self. Elke owerheid is 'n dienaar van God – selfs al is dit 'n tirannieke of roofsugtige bewind. Selfs al sou die onderaan lyding en verontregting verduur vanweë die pligsversuim van die owerheid, sou verset steeds ongeoorloof wees. Hiermee verskoon Calvyn hoegenaamd nie die onregplegende owerheid nie, want so 'n owerheid sal op die regte tyd sy straf ontvang. In sy *Institusie* (4:20:31) skryf Calvyn:

> Hierdie verbiedinge, ja vrome gesindheid is ons tot die uiterste verskuldig aan al ons owerhede, hoedanig hulle ook is. ... Daarom, indien ons deur 'n hardvogtige vors wreed onderdruk word, indien ons deur 'n hebsugtige of weelderige owerheid beroof en geplunder word, indien ons deur 'n sorgelose owerheid verontagsaam en uiteindelik deur 'n goddelose en heiligskennende owerheid onderdruk word ter wille van ons vroomheid, dan moet in eerste plek die gedagte in ons opkom van ons sonde, wat sonder twyfel deur sulke gesels van die Here gekasty word. Dan sal die ootmoedigheid ons onlydsaamheid beteuel. Verder moet ook hierdie gedagte in ons opkom, dat dit nie vir ons is om sulke rampe te genees nie, maar dat dit slegs vir ons oorbly dat ons die hulp van die Here inroep in wie se hand die harte van die konings en die neigings van die koninkryk is (Spreuke 21:1). God staan in die vergadering van die gode; Hy hou gerig te midde van die gode (Psalm 82:1).

Vir die individuele burger geld die woorde *parendum et patiendum*, met ander woorde Calvyn erken nie die reg van aktiewe verset en opstand van die individuele burger nie.

Tweedens is dit opvallend dat Calvyn op dié uitgangspunt een belangrike uitsondering maak, naamlik dat God meer gehoorsaam moet word as die mens:

"Maar by die gehoorsaamheid wat die mense, soos ons bepaal het, aan die heerskappy van die owerhede verskuldig is, moet altyd hierdie uitsondering gemaak word, of liewer hierop veral gelet word, dat die gehoorsaamheid ons nie mag weglei van die gehoorsaamheid aan Hom ..." (*Institusie*, 4:20:32).

Hiermee word die onderdaan nie alleen veroorloof nie, maar inderdaad verplig om bevele wat indruis teen die Woord van God te verontagsaam. Slegs hierdie bepaalde bevel mag dan verontagsaam word, met die geduldige lyding wat daarop mag volg. Calvyn stel hiermee dus die beginsel van passiewe verset. Hy stel dit met verwysing na Handelinge 5:29 dat die individu homself moet troos met die gedagte dat hy dan die gehoorsaamheid betoon wat die Here eis, wanneer hy alles ly eerder as om "af te wyk van die vroomheid" (*Institusie*, 4:20:32).

Die derde belangrike komponent van Calvyn se versetleer is daarop ingestel dat die reg van aktiewe verset slegs uitgaan van die ingestelde *magistratus populares.* Hierdie ampte was feodale reste van stande-verteenwoordiging wat selfstandige ampte gevorm het en, soos die staat, verplig was om reg te vorm en te handhaaf met 'n dwingende gesag wat van God ontvang is.

In die sestiende eeuse staatslewe het dié owerhede as volksowerhede gefunksioneer. Volgens Calvyn het hulle, volgens hul owerheidskarakter, die bevoegdheid besit om die volksvryhede met die swaardmag teen die regerende vors te verdedig.

Die relevante gedeelte uit Calvyn se *Institusie* (4:20:31) lui in die Nederlands soos volg:

> Ik spreek steeds over particuliere personen. Want indien er nu enige volksmagistraten zijn aangesteld om de willekeur der koningen te verdwingen ... en zoals wellicht de macht is, die bij de tegenwoordige stand van zaken in ieder koninkrijk de drie stenden bekleden, wanneer ze hun voornaamste vergaderinge houden, dan is het er zover vandaan, dat it hun zou verbieden in overeenstemming met hun plicht de woedende ongebondenheid der koningen tegen te gaan, dat ik veeleer beweer, dat, indin zij het door de vingers zien, wanneer de koningen met gewelddadigheid optreden en het arme volk kwellen, hun veizen, dat ze het niet opmerken, niet vrij is van misdadige trouweloosheid: want dan verraden zijn bedriegelijke de vrijheid van het volk, van welke ze weten, dat ze haar volgens Gods ordinantie behoren te beschermen.

Calvyn se standpunt oor die reg van verset, kan soos volg saamgevat word:

Alle burgers het die reg tot passiewe verset slegs wanneer die bevele bots met die gebooie van God.

Slegs die volksowerhede *(magistratus populares)* het die reg van verset met wapengeweld teen die owerheid. Volgens Calvyn is die individuele burger nie toegerus met die swaardmag nie en kan die burgery hom nie verder wend as passiewe verset nie.

Die vraag is nou of die verdwyning van die amp van *magistratus populares* die einde van die reg tot aktiewe verset laat verval het.

Volgens die Nederlander, De Gaay Fortman, met verwysing

Vervolg op bl. 9

Vervolg van bl. 8

na Romeine 13:4, moet die Griekse woord *exousiai* só verstaan word dat die toetssteen vir verset bepaal word deur die woorde "jou ten goede". Waar die politieke gesagsdraers nie meer besef dat die gesag in belang van die staatsburgers uitgeoefen moet word nie, daar hou dit op om owerheid te wees. De Gaay Fortman wys daarop dat dit goed is dat ons in die eeu van die totalitêre staat daaraan herinner word dat slegs die gesag wat die toets van "jou ten goede" deurstaan, in die sin van Romeine 13, owerheid is. Nie elke politieke maghebber is owerheid nie.

In sy bekende werk *Ongeloof en revolusie* wys die Nederlandse Christen-staatsfilosoof, Groen van Prinsterer, daarop dat *gesag* nie sinoniem is met oormag en geweld nie. Hy voeg by:

... maar ek wil geen uitlegging (van Romeine 13) onderskryf wat ons sou verplig om die booswig wat die moordtuig voorhou, gehoorsaam te wees, of die gekroonde rower, wat gister die wettige vors verdryf het, vandag as 'n deur God ingestelde gesag te beskou nie.

Hieruit blyk duidelik dat aktiewe verset teen die owerheid, volgens Romeine 13, dus onder bepaalde omstandighede geoorloof is; selfs die verpligting om in opstand te kom waar die eer van God dit vereis, mits sodanige verset deur die volksleiers as volksverset van stapel gestuur word.

Implikasies van die Calvinistiese versetleer

Waar die owerheid die publieke regsorde eensydiglik handhaaf, of vanweë die verval van die staatsowerheid se vermoë om wet en orde te handhaaf, sou daar 'n plig op die burgery wees om die staatsowerheid met 'n meer effektiewe regeergesag te vervang.

Indien die reg en orde verval, sodat die individu nie seker is van sy lewe, goed of naam nie, maak die owerheid hom skuldig aan ampsversuim. Dan mag die burgery in verset kom.

Ook in die geval van 'n owerheid wat die staatsburgery se vryheidsfere ontneem en die burgers onderdruk, sou wapengeweld as geoorloof beskou word.

Die taak wat op die Christelike volk se skouers rus het L. van der Walt by geleentheid soos volg geformuleer:

... die Christelike beskawingsmondige burgery sal toesien dat hul owerheid hul nie sal dwing om die mens meer te gehoorsaam as God nie. Die owerheidsgesag word hier vanself getemper deur die goed geordende volksinvloed. Die suiwer denkende Christenburger het in die verlede nog altyd 'n ruime volksinvloed op die staatsbeleid, in die geheel en in die besonder gehad.

Dit wil dus blyk dat, waar die beskawingsrype Christen-burgers deur polities-onmondiges deur middel van naakte magsdruk getiranniseer word, massaoptogte gehou word wat op 'n onbeteuelde wyse tot roof, plundering en geweld lei en die staatsowerheid dit gedoog, sonder om in te gryp en reg en orde te handhaaf, die tyd vir Christenburgers aangebreek het om met aktiewe verset hulself teen die staatsowerheid van die dag te verset.

Vir die Calvinis geld immers die waarheid dat gesag onder mense, deur geweld verkry, geen gesag is nie, maar wel oormag. Niemand mag oor sy eie persoon of oor iemand anders beskik behalwe deur die wil van God nie. In sy werk, *De overheid,* stel A. Kuyper dit soos volg:

Zoo gaat dus Gods souverein gezag over geheel onzen persoon in al onze verhoudingen, waarin we tot andere personen staan en steeds is het God zelf, die omnipraesent ons Zijnen wil oplegt en absolute onderwerping aan dien wil eischt.

Dankbaarheid oor boekruimte

Gedurende 2013 het daar 'n dringende oproep tot finansiële ondersteuning aan ons lede uitgegaan dat 'n bedrag van ongeveer R30 000,00 deur die kantoor benodig word vir die aanbring van bykomende boekrakspasie. Die aanbring van die bykomende ruimte was genoodsaak nadat groot getalle boeke van gereformeerde inslag die afgelope tyd by wyse van welkome skenkings aan die VCHO in ons besit gekom het. Ons wil hiermee graag weereens ons dankbaarheid betuig vir die ruim lening wat deur een van ons lede beskikbaar gemaak is, wat ons in staat gestel het om in Januarie 2014 met die installering te kon voortgaan. Die foto hiernaas toon die netjiese boekrakke wat sedertdien aangebring is en die benodigde ruimte daarstel, waar ons tans besig is om die boeke te plaas en te indekseer.

Volhard in die stryd om by die een evangelie te kom en te bly

Prof. Fanie Riekert

Skriflesing: Gal. 1:1-2, 6-10

Inleiding: Die evangelie is in die gedrang

Uit die gelese gedeelte bemerk ons dat die boodskap van hierdie brief relevant is vir die kerk ten opsigte van ons situasie vandag. Aan die orde kom: Paulus se evangelie en die reg wat hy het om dit te verkondig – twee temas wat eintlik een is: sy apostelskap en sy evangelie. Sedert sy besoek aan die Galasiese stede is die gemeentes wat hy gestig het, lastig geval deur die valse leraars, met aanvalle op sy gesag en evangelie. Nietemin, die apostel handel oor sake wat ver van dood is, inteendeel lewensbelangrik ten opsigte van die beginsels agter hulle.

Aansprake op die eksklusiwiteit van die christelike godsdiens (met uitsluiting van die ander godsdienste as verlossingsgodsdienste) word bevraagteken of verdoem. Daar is vandag baie stemme om te kyk of daar nie tóg gelykskakeling kan kom tussen die klassieke ekumeniese Christendom en ander godsdienstige oortuigings nie. In die meeste gevalle word geglo dat alle godsdienste, so nie gelyk nie, dan tog genoegsaam is om elkeen aan watter godsdienstige groep hy ook al behoort, te help om by die één ware God uit te kom.

(1) Ons vind so maklik misverstand van die wetlike gelykstelling van godsdienste volgens die land se grondwet. Gelykbehandeling van godsdienste laat ons dink dat van ons as burgers verwag word om alle godsdienste gelyklik as reddingsgodsdienste te beskou en word godsdiensvryheid in hierdie terme verkeerd gedefinieer.

(2) Dit word aangehelp deur die feit dat die mens ongeneeslik godsdienstig is. Die verskillende godsdienste is vir baie mense ’n bewys dat alle mense op soek na God (dieselfde God) is. Kerkmense of mense wat as gelowig wil deurgaan, sien ander godsdienste as wettige vertolking van God se bemoeienis met die mensdom in Jesus Christus. Daarom kry ons oproepe tot groter “begrip” teenoor die niechristelike godsdienste en die beroep om met hulle in gesprek (of dialoog) te tree op soek na ’n godsdienstig- gemeenskaplike noemer en so ’n moontlike een wêreldgodsdiens. Miskien sien mense dit as ’n blyk van ’n soeke na die grypbare teenwoordigheid van God. Dit verklaar waarom so baie kerkmense so graag ’n besondere rol toeken aan die Jode en die toewyding van Islam en die geestelikheid van die Hindoeïsme en die gekultiveerdheid van die Boeddhisme.

(3) Dit is in ’n wêreld waar politieke leiers gaan vir ’n sekulêre opsie en ’n lewenswyse bevorder waarin godsdiens nie die styl van die staat bepaal nie. Hieragter lê ’n Westerse liberalistiese beskouing waar die wêreld ’n afgeslote entiteit is wat geheel en al op sy eie bestaan en waarop geen invloed van buite af inwerk nie. Hiermee gaan saam die aanloklikheid van die menslike lewe – weelde moontlik gemaak deur die ekonomie, wetenskap en tegniek wat die mens se verwagtings laat stol in hierdie lewe.

(4) Mense wil graag onskriftuurlike wetenskapsvoorveronderstellings en -ideologie met die Christendom versoen. Dit word weerspieël in die sekularisme, ongeloof en dan veral die invloed van die postmodernisme en modernisme op die Christendom. Dit kom konkreet na vore in (a) die sogenaamde Nuwe Hervorming wat ’n christelike sousie gee aan ’n lewenswyse wég van die evangelie deur valse voorveronderstellings te koppel aan die modernisme en postmodernisme, in (b) die populariteit waarmee die postmoderne lewensuitkyk propageer dat alles relatief verklaar kan word en dat enige keuse om’t ewe is: hiervolgens maak dit nie saak of iemand in Christus glo of nie; daarom is mense se godsdienstige verbintenis nie belangrik nie; in (c) die gedagte om ’n wetenskap sonder inagneming van God te bevorder: die rasionalisme met sy ongelooflike vertroue op die mense se verstand versterk die sekularisme waar die mens met sy kennis, organisasie en tegniek sonder God kan lewe. Dit lei dat die moderne teologie sy begronding vind, nie in die Bybel nie, maar in die natuurwetenskap. Gekoppel hiermee is die historisme wat met sy geloof in die wetmatigheid van oorsaak en gevolg God buite spel plaas. Daarom is dit vir baie kerklidmate so vanselfsprekend dat ons nie erns moet maak met die Drie-enige God en die eis van die EEN EVANGELIE nie.

Vervolg op bl. 11

Vervolg van bl. 10

I Die gevaar: 'n Ander evangelie met 'n ander sender verlang

Sedert Paulus se besoek aan die Galasiese stede is die gemeentes wat hy gestig het, met ernstige gevolge geïnfiltreer deur valse leraars wat ons die Judaïseerders noem. Die kern van die groep was Jode wat Christus aanvaar het; maar hulle het geglo dat al God se beloftes en gawes vir die Jode en proseliete alleen was, en dat geen heiden tot hierdie voorregte toegelaat kan word nie. Arrogant het hulle die idee van Israel as uitverkore volk aangehang. Hulle het aanvalle geloods op sy gesag en evangelie. Hulle het 'n ander leer gepropageer, ook met die naam evangelie. Daarom kan ons verstaan hoekom 'n kommentator by geleentheid die Brief aan die Galasiërs vergelyk het met 'n flitsende swaard in die hand van 'n swaardvegter. Toe Paulus dit geskryf het, was beide hy en sy evangelie aangeval. Hulle het hom met sy universele evangelie gehaat met hulle hele hart.

Paulus se antwoord hierop: Paulus is diep bewus van die gevare van hierdie tweeledige aanval. Reg van die begin verklaar hy (1) sy apostoliese gesag en (2) sy evangelie van genade.

Eerstens kom aan die orde die aanval op Paulus self. 'n Mens kan dink dat 'n sterk persoonlikheid soos Paulus aangeval sal word, en die aanval raak sy apostelskap. Die aanhef en groet van die Galasiërbrief bring duidelik die spanning in die gemeente na vore op aanstigting van die moeilikheidmakers. Die spanning is tussen Paulus as apostel en die gemeente. Die Galasiërs wil hom en ook sy evangelie so vinnig verlaat omdat hulle hul lojaliteit verskuif het en mantel gedraai het. Die Judaïseerders probeer Paulus se lering in diskrediet bring deurdat hulle die goddelike oorsprong van sy apostelskap ontken het. In 'n sekere sin was dit maklik om so 'n aanval op hom te loods. Hy was nie een van die Twaalf nie.

Paulus se antwoord was nie 'n argument nie, maar 'n onbetwisbare stelling. Sy apostelskap het hy op geen wyse – nóg as tussengangergesag, nóg as finale gesag – aan enige mens te danke nie. Trots staan Paulus daarop dat geen menslike hand hom tot die amp geroep, gelegitimeer en aangestel het, maar wel die gebeure op die Damaskuspad toe hy van aangesig tot aangesig Jesus Christus ontmoet het en oorweldig is. Dit was sy unieke kwalifikasie as apostel en nou kon hy 'n getuie wees van die opstanding. So het hy ook die opdrag gekry om die evangelie van genade te verkondig – 'n opdrag direk van God. Tog was sy evangelie in volle ooreenstemming met die geloof deur die Kerk oorgelewer. So is hy van Godsweë geroep (dus sonder menslike oorsprong of agentskap). Sy amp en sy taak is direk aan hom van God gegee. Kom ons ekspliseer dit meer:

(i) Paulus was seker dat God met hom gepraat het. Daarom het hy 'n onwankelbare gesag as apostel van Christus gehad. Slegs God kan 'n mens 'n bedienaar of dienskneg maak. Deur Jesus Christus en deur God die Vader het Paulus sy gesag as gesamentlike bonatuurlike bron van sy apostoliese gesag. Geen hoër gesag is denkbaar nie en alle gedagtes van selfs enige laer tussenganger is uitgesluit. Die werklike toets vir 'n Christen is nie of hy deur sekere seremonies gegaan het en op sekere formuliere geantwoord het nie, maar of hy Christus van aangesig tot aangesig gesien het. In sy brief aanhef wil hy aan sy wispelturige bekeerlinge met nadruk sy unieke gesag van sy opdrag stel wat 'n besondere karakter aan sy apostelskap gee.

(ii) Hierdie sekerheid het hom in staat gestel om te werk en te ly vir die evangelie. Hy het elke poging wat van hom verwag was, gesien as 'n taak deur God gegee. Dit geld vir elke gelowige mens om elke taak as 'n roeping te mag belewe. Selfs die eenvoudige werk is 'n goddelike taak en roeping.

Paulus wou maar slegs aan Christus getrou wees. Dit was ook nie uit 'n strewe na populariteit nie. Hy was nie ongelukkig en op sy agterpote omdat mense sy gesag uitgedaag het nie! Nee, dit was omdat sy evanglie in gedrang kom. Hy het sy apostelskap verdedig om sy boodskap te verdedig. Mense het hom blykbaar verwyt dat hy dit vir die heidene maklik wou maak om Christene te word. Nee, die aanhef tipeer sy evangelie as een van genade – bloot onverdiende goedhartigheid van God. Dit is 'n gawe wat 'n mens nie kan verdien nie, en aan 'n mens geskenk is. Dit wens hy hulle ook toe in die seëngroet; genade is ook 'n woord wat inhou al die liefde van God. Genade, liefde en vrede kom van God die Vader en Jesus Christus.

Ons sluit hierdie punt: Hierdie spesiale goddelike gesag van die apostel Paulus is genoeg om te stry teen gedagtes wat ook modern is. In die heilsplan van God het die apostels 'n unieke opdrag gehad – deur Christus aan hulle gegee, uniek in hulle inspirasie deur die Gees van Christus. Wanneer gedagtes rondgegooi word dat die een-en-twintigste-eeuse getuies, ook teoloë genoem, net sulke geldige uitsprake as die apostels kan

Vervolg op bl. 12

Vervolg van bl. 11

doen, is die antwoord: “Nee, moderne mense – ook teoloë – is nie gelyk aan gesag soos die apostels nie”.

OPGESOM: Sonder God as sender van Evangelie ≠ Evangelie.
Die prediker, soos Paulus, kan net volhou as die roeping van bo kom. Slegs as die evangelie sy hoogste lojaliteit geniet, kan die prediker die gemeente help om aan die een evangelie vas te hou. Ook moet hy daarteen waak om aan die sonde in sy lewe, wat die een evangelie kan rysmier, ’n vatkans te gee.



II ’n Ander EVANGELIE ≠ Evangelie

Die valse leraars tas ook die hart van die leer van die evanglie aan. Dit bring ons terug by (2) die evangelie van genade.

Die aanhef stel wonderlik hoe ons God, Vader en Seun, aan die werk is in ons verlossing.

(i) Die liefde van Christus is ’n liefde wat gee en ly, dit word bewerk aan die kruis.

(ii) Die liefde van Christus is ’n liefde wat oorwin en presteer. Hoe dikwels bring ons liefde smart en frustrasie: dit dra die pyn van liefde en tog is dit nie in staat om die een te help wat ons liefhet nie. Christus se liefde is die volmaakte liefde want dit word ondersteun deur die oneindige krag wat niks en niemand kan frustreer nie en wat kan red uit die slawerny van sonde. Ja, dit skenk redding en liefde aan die gelowiges vandag.

Paulus se evangelie gee genade en vrede. Redding, saligheid is vrede of versoening – vrede met God, – en vrede met mense – en innerlike vrede. Die bron is God

wat Jesus Christus gegee het en Christus wat Homself gegee het as vredeoffer aan die kruis en wat opgestaan het tot ons regverdigmaking omdat God Hom opgewek het. Dit was om sondaars te red dat Christus Hom gewilliglik gegee het vir lyding en eindelik die dood aan die kruis.

(iii) Hy kondig dit aan in die Skrif deur sy apostels.

Die gebeure op die Damaskuspad was Paulus nog helder voor die oë. Die buitengewone karakter van sy bediening is gebore uit die oortuiging wat onuitwisbaar op sy hart afgedruk is met hierdie goddelike ingrype. Nie alleen is hy geroep tot apostel en was hy oortuig van die opstanding van Christus nie, maar ook die indruk van die onvergelyklike evangelie was nog steeds skerp in sy geheue en gemoed wanneer hy die mense wil laat besef dat die evanglie uniek en tog broos is. Waar Paulus sy ander briewe begin om God te dank vir die voortreflikheid van sy lesers se toewyding aan God, spreek hy hier egter duidelik sy verbasing uit dat hulle so gou afvallig wil word van God wat hulle deur sy genade in Christus geroep het. Die moeilikheid word veroorsaak deur ’n valse leer. Hand. 15:1 sê die Judaïseerders het geleer: “Jy moet ook besny word, anders kan jy nie gered word nie.”

Hulle weerspreek sy evangelie van regverdiging deur genade alleen wanneer hulle daarop aandring dat saligheid meer vra as net geloof in Christus, naamlik besnydenis en ander wetsonderhouding. Die Judaïseerders het slegs een uitweg gesien: die Christene moet eers Jode word. Hulle moet besny word en moet die hele las van die wet op hulle neem. Vir Paulus was dit juis die teenpool van alles wat die Christendom (evangelie) behels.

Dit beteken dat ’n mens se saligheid afhang van sy vermoë om die wet te hou. Dit kom daarop neer dat ’n mens deur sy eie poging die guns van God kon verwerf.

Geloof in Jesus Christus word nie ontken nie, maar hulle benadruk dat die bekeerlinge ook besny moet word en die Wet hou. So verdraai en vermink hulle die evangelie. Die twee beklemtoninge – wat in elk geval saamgaan – van die valse leraars is dat hulle moeilikheid vir die kerk maak en die evangelie wysig. Om met die evangelie te peuter is om altyd die Kerk moeite te gee. ’n Mens kan nie die evangelie wysig of uitbrei sonder om radikaal sy karakter aan te tas nie. Jy moet as’t ware Moses laat voltooi wat Christus begin het deur jou gehoorsaamheid aan die Wet. Jy moet met jou werke bydra tot die werk van Christus. Jy moet Christus se onvoltooide werk volbring. Kan jy jou Paulus se verbasing indink dat die Galasiërs die evanglie so vinnig ná hulle bekering wil verlaat. Terwyl hy skryf is hulle besig om weg te draai van die evangelie na ’n evangelie van verdienste. Hy beklemtoon dat daar geen ander evangelie is nie, maar dat daar mense is wat hulle ten doel stel om die Galasiërs te verwar en om die ware evangelie van Christus te verdraai. Hy is ernstig in sy poging om hulle tot gesonde

Vervolg op bl. 13

Vervolg van bl. 12

verstand om te draai voordat die proses van afval sy voltooiing bereik. Hulle doen dit wanneer hulle naas die geloof in Christus, ook ander dinge vir die saligheid noodsaaklik ag, soos die onderhouding van die Wet.

So word hulle nie slegs afvallig van Paulus as verkondiger van die evangelie nie, maar ook van God wat hulle geroep het – die God wat nie op hulle aardse gedagtes gemodelleer is nie, soos alle Godsvoorstellinge wat die mensegees skep. Hy is 'n God van openbaring, 'n God uit 'n ander wêreld, wat ons met sy totale aanspraak op ons ganse lewe tegemoet tree.

Daarteenoor was redding vir Paulus 'n saak van genade alleen. So, in hierdie brief is Paulus se groot tema die heerlikheid van die genade. Dit is noodsaaklik om te besef dat dit slegs deur volkome geloof aan hierdie genade is. Hulpeloos voor God en oortuig van ons gebrekkigheid om die wet te hou en uit onsself te glo, kom ons tot Hom. Hy het geglo dat ál wat 'n mens kon doen, was om die liefde van God wat tot hom/haar kom te aanvaar, en 'n geloofshandeling te doen wat homself/haarself hulpeloos, sonder steun, sonder verdediging op die liefde van God te werp. Die noodsaaklike ding was nie wat 'n mens vir God kon doen nie, maar wat God vir hom/haar gedoen het.

Al het die Galasiërs nog nie toegegee aan hierdie valse leer nie, laat Paulus hulle besef dat hulle in verwarring gebring en onrustig gemaak is deur diegene wat so geheel en al die karakter van die evangelie van Christus verander het dat dit nie meer Christus se evangelie is nie. Dan sal hulle Hom verlaat wat hulle geroep het tot die genade wat daar in Hom – die Christus is – en 'n ander evangelie omhels.

Die roeping het geskied "deur die genade van Christus"; op grond van sy soenverdienste wat in die evanglie tot ons kom. Die ware evangelie is essensieel wat Paulus in Hand. 20:24 noem "die evangelie van die genade van God". Dit is goeie nuus van 'n God wat vryelik gee aan onverdienstelike sondaars. Uit genade gee Hy sy Seun om vir ons te sterf. Uit genade roep Hy ons tot Homself. Uit genade regverdig Hy ons wat glo. Hierdie aanspraak beteken nie verhoging van die geroepene nie, maar eerder einde van alle menslike selfheerlikheid. Niks is toe te skryf aan ons pogings, verdienste, of werke nie, alles in die verlossing is toe te skryf aan die ganse genade van God.

Paulus wil hulle nou teruglei van geestelike rampspoed en dit is dan noodsaaklik om hulle die ware aard van hulle afwyking aan te toon. Die grootheid van die offerande ter wille van ons sonde roep na vore die groot dwaasheid om elders te gaan soek vir hulle vergifnis. Die verwarrende kontra-evangelie was gehoorsaamheid aan die Mosaïese ritueel wat gebots het met die evangelie wat handel oor Christus, of ten minste afbreuk doen daaraan, maak nie saak watter vermomming dit aanneem nie, of hoe gering die byvoeging of weglating mag wees nie. Dit wil Paulus nie duld nie. Menslike meriete byvoeg by die verdienste van Christus en menslike werke by die werke van Christus – Nooit! Die werk van Christus is volbring en die evangelie is 'n evangelie van vrye genade.

Die evangelie van Christus, die blye boodskap van verlossing, waarvan Christus die inhoud en ook die verkondiger is, word hierdeur betekenisloos gemaak. Dit was nie minder as om weg te dros van die Drieënige God wat die bron van hulle roeping is wat deur sy prediking gekom het – 'n roeping wat altyd en slegs in die genade wat daar in Christus is, gekoppel kan word. Hulle word egter afvallig en neem 'n ander evangelie aan, nie die evangelie van Jesus Christus nie.

Dit is tyd dat die Galasiërs koers kry aangaande die genoegsaamheid van Christus se offerande om hulle van hulle sonde te red en dit sonder die byvoeging van hulle gehoorsaamheid aan die ritueel van die Mosaïese Wet wat opgehef is. Paulus stel dit skerp dat die regverdiging uit vrye genade vir die sondaar niks beteken vir hulle vir wie dit nie alles beteken nie. Soos daar geen half maatreëls in die selfofferande van Christus was nie, so mag daar geen halfhartige aanvaarding van die boodskap van redding wees nie (Gal. 2:20, 21). Heil is deur genade alleen, deur geloof, sonder enige mengsel van menslike werke of verdienste. Dit is slegs te danke aan God se genadige roeping, en nie toe te skryf aan goeie werke van ons eie nie. Om weg te draai van die evangelie van genade is om weg te draai van die God van genade. Dit is onmoontlik om die evangelie te verlaat, sonder om God te verlaat.

'n Gemeente kan net leef by God se Woord as hulle stry teen alles wat die een evangelie bedreig – veral teen eie sonde.

Kom ons vat saam:

'n Ander evangelie – wat daar werklik nie is nie –

1. trek 'n streep deur die evangelie,
2. lei noodwendig tot geen evangelie, en
3. bring ons reddingloos te staan voor die probleem van sonde.

Vervolg op bl. 15

Die Nuwe Testament en burgerlike ongehoorsaamheid

Verbatim uittreksel uit die verhandeling "Burgerlike ongehoorsaamheid in die lig van die gereformeerde etiek" deur mev. SC de Bruyn, (November 1992:92-95), met goedkeuring.

Inleiding

In die Nuwe Testament is daar in die historiese literatuur, in die leerstellige geskrifte en die profetiese-apokaliptiese literatuur belangrike uitsprake wat met burgerlike ongehoorsaamheid verband hou. In die historiese literatuur word veral aandag gegee aan Handelinge 4:19-20 en 5:29. In die leerstellige geskrifte word die betekenis van die uitsprake in Romeine 13:1-7, 1 Timoteus 2:1-2, Titus 3:1 en 1 Petrus 2:13-17 ondersoek. In die profeties-apokaliptiese literatuur word Openbaring 13 ondersoek.

Die historiese literatuur

Die belangrikste uitsprake in die historiese literatuur is dié in Handelinge 4:19-20 en 5:29. Vanweë die nou verband tussen die twee gedeeltes sal hulle saam behandel word.

Die Joodse Raad het Petrus en Johannes verbied om die evangelie van verlossing deur Jesus Christus te verkondig (Hand. 4:18). Die twee apostels het daarop geantwoord: "Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan julle gehoorsaam te wees of aan God. Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie" (Hand. 4:19-20). Deur dit te sê, ontken hulle nie die gesag van die Joodse Raad nie, maar maak hulle dit ondergeskik aan dié van God (De Villiers, 1977:113). Hierdie vraag moet dien om die lede van die Joodse Raad voor die aangesig van God te stel en tot insig ten opsigte van hulle goddelose weg te bring (Grosheide, 1950:67).

Die apostels het met hulle optrede voortgegaan (Hand. 5:12-16). Die noodwendige gevolg was dat hulle weer deur die Joodse Raad in hegtenis geneem is. Toe hulle tot verantwoording geroep is, het hulle, in aansluiting by wat hulle reeds volgens Handelinge 4:19-20 gesê het, die Joodse Raad geantwoord met die uitspraak wat in 'n sekere sin as *locus classicus* oor burgerlike ongehoorsaamheid beskou kan word. "'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!" (Hand. 5:29). In hierdie woorde word 'n beginsel vasgelê wat vir geen misverstand vatbaar is nie, naamlik dat gehoorsaamheid aan God altyd prioriteit bo gehoorsaamheid aan mense geniet.

In die 1983-vertaling lui die uitspraak: "'n Mens moet *eerder* aan God gehoorsaam wees as aan mense!" In die 1953-vertaling word *meer* in plaas van *eerder* gebruik. Hoewel albei vertalings moontlik is (Louw & Nida, 1989:688, 794), gebruik die meeste verklaarders, onder andere Calvyn (1970:103) en Eloff (1982:71) *meer* in plaas van *eerder*.

Die woord *meer* (*mallon* in Grieks) dui daarop dat Petrus nie die onderwerping aan die owerheid ontken nie, maar erken 'n *meerdere*, belangriker gehoorsaamheid, naamlik gehoorsaamheid aan God (Eloff, 1982:71). Calvyn (1970:183) beklemtoon ook die feit dat om God te gehoorsaam, die onderdaan ook gehoorsaamheid aan die dienaar van God moet bewys. Maar steeds bly dit: in die eerste plek gehoorsaamheid aan God en dan in die tweede plek gehoorsaamheid aan die dienaar van God.

Die gehoorsaamheid aan God moet voorrang geniet bo enige ander gehoorsaamheid aan 'n menslike gesagsinstansie soos die Joodse Raad. Die Wil van God was vir die destydse Jode die maatstaf van wat goed en reg is (Harrison, 1975:99; De Villiers, 1977:91). Dog die Joodse Raad stel God se gesag ondergeskik aan hulle eie besluite (Calvyn, 1970:147; Harrison, 1975:86).

Die owerhede wat deur God in hulle ampte aangestel is, moet gehoorsaam word, want die gehoorsaamheid aan God kom ook tot openbaring in gehoorsaamheid aan die dienaars van God. Indien owerhede erns maak met hulle amp sal hulle God gehoorsaam en nie eise aan hulle onderdane stel wat teen God se wet indruis nie (Calvyn, 1970:183). Hulle sal so optree dat hulle God, die hoogste Koning, Vader en Here sy plek nie ontneem nie (Calvyn, 1970:148). Maar indien die owerhede God nie bo alles eer en sy Wil eerbiedig nie, moet hulle net gehoorsaam word in soverre hulle nie God se gesag krenk nie (Calvyn, 1970:183). Daarom, al verbied die Joodse Raad die prediking van die apostels, kan Petrus en Johannes nie anders nie as om aan God gehoorsaamheid te betoon, die Joodse Raad se verbod (te – red.) verontagsaam en voort te gaan om

Vervolg op bl. 15

Vervolg van bl. 14

deur prediking en wonderdade Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker te verkondig, want dit is immers die Wil van God (vgl. Hand. 1:8; Grosheide, 1950:67).

Die onderwerping aan die owerhede is gewoonlik in harmonie met die gehoorsaamheid aan God, maar hierdie gebeure in Handelinge 4 en 5 is die uitsondering (Eloff, 1982:71).

Die Joodse Raad het die apostels toe laat slaan en hulle vrygelaat. Hieruit blyk dat die apostels ook moes ly en bereid was om te ly ter wille van hulle meerdere gehoorsaamheid aan God. Trouens, hulle was selfs bly dat hulle dit kon ondergaan (Hand. 5:41). Hier was geen sprake van aktiewe verset teenoor die owerheid nie. Hierteenoor word daar in hierdie eeu op aktiewe verset beroep gedoen indien die owerheid nie in ooreenstemming met God se Wil, volgens die mens se oordeel, sou optree nie.

Samevatting

Uit die optrede van die apostels voor die Joodse Raad blyk die volgende duidelik:

- gehoorsaamheid aan God het vir hulle voorrang gehad bo gehoorsaamheid aan mense of 'n menslike gesagsinstansie, gevolglik kan daar sprake wees van meerdere gehoorsaamheid aan God;
- gehoorsaamheid aan God was die enigste rede waarom die bevel van die Joodse Raad nie gehoorsaam is nie;
- die apostels was bereid om te ly en het ook gely vanweë hulle besluit om aan God meer gehoorsaam te wees as aan mense.

Suid-Afrika by die afgrond
Ongeloof en Rewolusie of die Evangelie en redding

Teen die begin van die 19de eeu in Nederland het die vervalle toestand in sy vaderland die Christen en volksman, Isac da Costa, aan die hart gegryp. Hoe kon hy, as ware gelowige, anders as om teen die sekularisering wat hy in feitlik al die sektore van die godsdienstige, maatskaplike, die onderwys en die staatlike lewe waargeneem het in protes te kom? In 'n bondige, maar kragtige boodskap aan sy volksgenote bring hy hierdie noodsituasie aan die man. Sy gepubliseerde werk het in Nederland tot een van die grootste herlewings in die geskiedenis gelei, en 'n grondige terugkeer na God en sy Woord tot gevolg gehad.

Die oorspronklike werk is so toepaslik vir ons tydsomstandighede dat dit nodig geag was om dit te vertaal, met die oog op die leserspubliek van Suid-Afrika, met 'n dringende oproep tot besinning oor wat in ons land aan die gebeur is. Die vertaling en illustratiewe toeligting is met groot sorg en kundigheid gedoen, sodat die boodskap wat Da Costa aan 'n vervalle Nederland wou tuisbring, vandag met dieselfde oortuiging en relevansie tot 'n Suid-Afrika wat by die afgrond te staan gekom het, spreek.

Dit is 'n boodskap gegrond op die Bybel, waaruit die kerninhoud tot die nypende kwessies van die Nederlandse volkslewe van daardie tyd spreek en as't ware weerklank vind in die wantoestand wat ons in Suid-Afrika beleef. Ons het inderdaad tot by die afgrond gekom. Daar is slegs een van twee moontlikhede: óf ons stort die afgrond van selfvernietiging in dieselfde stroom saam met die revolusionêres af, óf ons stuit die revolusie met beslistheid vanuit die krag van ons Christelike oortuiging. Maar dan sal Afrikaners hulself teenoor God moet verantwoord en die verlossende en bevrydende krag wat die Evangelie bied, opnuut moet aangryp.

Die boek is steeds van die VCHO verkrygbaar teen R130,00 plus versendingskoste.

Vervolg van bl. 13

Daarom wees op u hoede vir alles wat nie evangelie is nie of skynevangelie is wat op jou hart beslag wil lê.

Geagte Leser,

Moenie toelaat dat iemand jou van die evangelie laat afdwaal nie. Stry die geestelike stryd om by die een evangelie te kom en daarby te leef. Amen

Bestelvorm: Suid-Afrika by die afgrond

Naam en Adres	Aantal	Bedrag

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings
Naam: VCHO
Bank: ABSA Bank
Rek.nr: 470-910-011
Tak: Loch Logan, takkode 632005



Die Calvinistiese Alliansie!

Stigtingsgebeure

Die stigting van die Calvinistiese Alliansie is 'n gebeurtenis van groot betekenis in ons heersende tydsgewrig, waarvan ons terdeë kennis moet neem.

Die Calvinistiese Alliansie is op 23 Augustus tydens 'n kongres wat vir hierdie doel belê was in Pretoria gestig, die datum waarop die vermoording van duisende Franse Protestante in 1572 steeds herdenk word, ook bekend as Bartholomeusnag. Verteenwoordigers van al vier die Kerke van gereformeerde belydenis in Suid-Afrika het daaraan meegewerk dat die Alliansie tydens hierdie kongres gevorm is.

Dit het plaasgevind onder die belangrike tema: "Reformasie", waartydens referate deur prof. Hendrik van der Wateren en ds. Theo Danzfuss gelewer is. Die referaat met die titel: "Reformasie as 'n historiese versetbeweging" deur prof. Van der Wateren verskyn in hierdie uitgawe op bl. 3, aangesien dit by die tema van hierdie uitgawe van ons blad aansluit. Volgens 'n dokument van die Alliansie het die volgende uit hierdie referaat na vore gekom:

- Verset is ordelik.
  Rewolusie stig wanorde.
- Verset is openlik.
  Rewolusie is bedek.
- Verset staan op die waarheid.
  Rewolusie teer op die leuen.
- Verset streef na reformasie, d.w.s. herstel volgens vaste norme.
  Rewolusie streef na omkeer – 'n omwenteling herstel volgens vaste norme is iets anders.

Ds. Danzfuss se referaat het gehandel oor "'n Calvinisitese lewensbeskouing vir vandag en môre". Sy vertrekpunt was duidelik, naamlik dat die begrip Calvinisme, in werklikheid veel ouer as Calvyn is. Dit kom uit die onfeilbare Woord van God selfs so ver terug as die apostels en die kerkvaders. In der waarheid is elke Christengelowige vandag, 'n Calvinis. Dit het duidelik geblyk dat Calvinisme nie op Calvyn gebou is nie, maar slegs op die belydenis wat so 'n groot rol in sy lewe gespeel het. Dit is uitgespel dat Calvinisme dus groter is as Calvyn self, waaruit volg dat Calvinisme uit veel meer bestaan as die naam Calvyn. Tydens sy referaat het die volgende na vore gekom:

- Calvinisme is veel dieper as dogma.
- Calvinisme is uitverkiesingsleer.
- Calvinisme is veel kragtiger as 'n historiese gebeurtenis.
- Calvinisme is veel hoër as 'n blote ideologie.

Luther en Calvyn het die Waarheid van die Woord nagevolg, waarin die krag van die Reformasie gesetel is. Ook in ons tyd is hierdie Waarheid dié wapen waarmee met vertroue teen die vernietigende gevolge van die Rewolusie opgetree kan word (eie opmerking – red.).

Beweegredes

Volgens die reglement van die Calvinistiese Alliansie het die Calvinistiese Kerke Beweging, wat tot die stigting van die Alliansie gelei het, ontstaan uit die dringende nood van gelowige Boere-Afrikaners. Dit is gelowiges wat hulleself in Afrikaanse Calvinistiese kerke en in 'n geestelike klimaat bevind wat in 'n groot mate Skrif- en Volksvreemd geword het, sodat hierdie gelowiges binne een organisasie verenig kan word. Daar moet aan 'n verwarde kerkvolk leiding gegee word – om insonderheid ooreenkomstig die Woord en belydenis te leef.

Die bedoeling is om soveel moontlik behoudende ampsdraers en lidmate van Afrikaanse Calvinistiese Kerke van Gereformeerde belydenis betrokke te kry om vanuit 'n verenigde front en besinning uit die Woord van die Here aan 'n verwarde kerkvolk leiding te gee – in besonder om soos 'n Geloftevolk te glo en te lewe.

Die Alliansie verwys na historiese momente: Ons volksplanting het in die teken van die Calvinisme gestaan. Die Van Riebeeckgelofte van 1654 getuig daarvan.

Die Alliansie wil 'n organisasie in beweging wees – 'n liggaam wat wil beweeg, en wat tot dade wil oorgaan.

Lede word opgeroep om aktief werksaam en getrou te wees; om te wil organiseer; te wil werk na haalbare doeleindes.

Dit gaan van ons offers vra, maar onthou: dit is die saak van die Here – om die kerkvolk, waarvan ons deel is, bewus te maak van ons wortels in hierdie troebel tyd – om sonder skaamte terug te gryp na hierdie wortels, lui die verklaring.

Die volgende voorstel het gedien, wat eenparig aanvaar is:
"Ons staan op 'n soortgelyke punt as wat die Voortrekkers hulleself voor die Groot Trek bevind het. Dit raak vir ons baie moeilik om ons Christelike geloof en ons Afrikanerkultuur uit te leef soos die Skrif dit voorskryf. Daarom stel ek voor dat die Calvinistiese Alliansie in die lewe geroep word om vanuit die Woord van God vir ons volk leiding te gee vir die toekoms."

Doel & grondslag

Die Alliansie verwoord dit soos volg:

Vervolg op bl. 17

Vervolg van bl. 16

Die Woord van GOD word in ons tyd toenemend misbruik om wêreldse belange te dien. Liberale teoloë en politici misbruik die Woord om hulle propaganda meer aanvaarbaar te maak en ander groepe om die kerk van Christus te populariseer in die najaag van getalle. Onder druk uit die groepe, gedra deur 'n sekulêre media, is Christelike kerke, wat voorheen vas gestaan het by die suiwer vertolking van die Woord, besig om onder druk te swig.

Daar bestaan 'n groot behoefte dat gelowige Christene wat die Calvinistiese grondslag in die suiwer vertolking van die Bybel aanvaar, kragte moet saamsnoer om die aanslag in Suid-Afrika teen hulle geloofgrondslag te weerstaan.

Met ons volkswording is dit weereens bevestig met die Bloedriviergelofte van 1838. In ons vryheidstryd is na die geloftes teruggegryp met die Paardekraalverbond van 1881. So is ons volksplanting en ons volkswording in die Calvinisme gewortel. Dit geld steeds vir ons vandag.

Die doel van die Calvinistiese Alliansie is om behoudende lidmate en predikante van kerke van Gereformeerde belydenis, wat skrifgetrou hulle werk verrig en die Gelofte van 1838 onderskryf, in 'n Calvinistiese beweging saam te voeg en te dien as teenvoeter teen kerklike groeperinge wat hulle geloofgrondslag bedreig. Die grondslag van die Calvinistiese Alliansie is die Bybel as die Woord van God soos uitgedruk in die Gereformeerde Belydenisskrifte, nl:

- *Apostoliese Geloofsbelydenis (12 Artikels)*
- *Geloofsbelydenis van Nicea*
- *Geloofsbelydenis van Athanasius*
- *Nederlandse Geloofsbelydenis*
- *Heidelbergse Kategismus en die*
- *Dordtse Leerreëls.*

Dit is die taak van die Alliansie om leiding te gee binne volksverband en die toepassing van Bybelgefundeerde beginsels vir al die lewensterreine volgens die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, waarmee die VCHO geheel en al kan vereenselwig.

Boek vir gelowiges

Uit die titel van die boek *Aan Sy maaltyd* spreek reeds die inhoud daarvan, nl. die belewing van die nagmaal. Geskryf deur ds. J.G. (Hannes) Venter, is dit in so 'n bevatlike trant gedoen, dat dit op die gewone lidmaat afgestem is. Dit is ook die bedoeling daarvan: dat die lidmaat deur die inniger, dieper geestelike belewing van die nagmaal geneem word. Talle lidmate wat hierdie boek reeds gelees het, getuig van wat die waarde daarvan vir die gelowige is.

'n Resensent van die boek skryf soos volg daaroor: "Die tema is uiters belangrik. Die noodsaak en betekenis van die nagmaal is in ons gesekulariseerde wêreld besig om te vervaag: Die boek vestig weer die gelowiges se aandag (opnuut – red.) op die maaltyd met Jesus."

En 'n lidmaat wat dit bestudeer het reageer soos volg: "wat 'n besondere uiteensetting van geestelike diepte en inhoud van die nagmaal … Sowat van die ontsluiting van die dieper geestelike betekenis en vertroostende sekerheid wat die nagmaal aan gelowiges bied, het ek nog nie teëgekom nie".

Die verklaring en dieper geestelike betekenis van die nagmaal kom in hierdie boek op besondere wyse na die leser. Die uitgesproke begeerte is dat die boek in hierdie tyd tot geestelike verdieping en groter toewyding aan die Here Jesus sal lei.

Die bespreking word aan die hand van die Nagmaalsformulier gedoen. Telkens word een hoofstuk aan een van die kernaspekte daarvan gewy, sodat dit in 'n sestal hoofstukke uiteenval.

Ds. Venter skryf in die Voorwoord daarvan soos volg:

"Ek sit aan saam met Hom aan wie nou ál die mag in hemel en op aarde gegee is. Wat 'n eer en voorreg is dit nie om deur só 'n Persoon aan sý tafel ontvang te word nie; 'n Persoon só groot in liefde en só groot in mag. En hier aan sy tafel sit ek aan met die wete en die verwagting: Hier word my eenheid met Hom verder versterk, verdiep en verinnig; die nuwe verbond wat Hy met sy bloedstorting bekragtig het, word hier met my bevestig; ek word hier gevoed, nie met brood en wyn van die tafel nie, maar met die Here van die tafel, sy liggaam en bloed; die gedagtenis aan Jesus, my geliefde Verlosser, en sy sterwe ook vir my, word hier aan sy tafel opnuut verlewendig; hier aan die tafel van my Verlosser kry ek 'n vergesig van dié tafel wat in ewige heerlikheid vir die verlostes gedek word en hier aan die tafel van my Here en my God, my Verlosser en Saligmaker, doen ek deur my deelname 'n belydenis, 'n verkondiging aangaande sy sterwe, ook vir my."

Die boek is besig om uit te verkoop en lidmate wat belangstel moet die kantoor onverwyld skakel. Dit kos R100,00 plus versendingskoste.

Bekendstelling van Kraal se Die Erwe van Ons Vaad're Deel 6: *Die Afrikanerrebellie* 1914-1915
Redakteurs: Danie Langner en Andries Raath

Kronieke van marginalisering, verarming en verset

Andries Raath
Deel 1

Wie was die mense wat in 1914 teen die gesag van die owerheid in opstand gekom het? Boere, meestal van die platteland, afstammelinge van die Hugenote wat vir hul lewens uit Frankryk moes vlug; afstammelinge van Gereformeerde Nederlanders wat teen die einde van die 1500's en die eerste helfte van die 1600's vir 80 jaar die mag van die grootste moondheid nl. Frankryk getrotseer het in waarskynlik die langste oorlog in die geskiedenis; afstammelinge van Duitsers wat in die sewejarige en dertigjarige oorloë in Europa geveg het, wat die ontberings van die grenslewe meegemaak het, die wisselvallige beleid van Engeland ondervind het, wat vir hul vryheid moes trek na die Binneland, in twee Vryheidsoorloë teen Britse imperialisme geveg het en wat onder Britse weerwraak en diskriminasie gely het.

Wat was die lewensbeskouing van hierdie Boere? Die lewensbeskouing van hierdie patriotgesinde Boere was gewortel in hul godsdiens en die godsdienstige vorm van die Afrikaner nl. die Calvinisme – die Calvinisme is sy strydbaarheid. Waar die Calvinisme hom ook gevestig het, was spoedig stryd. Die Calvinisme eis vryheid van gewete en waar die owerheid nie bereid was om dit te gun nie, het daar altyd moeilikheid tussen hom en die Calvinistiese Boere gekom.

Hiervan is die oorloë in Holland, Frankryk en Brittanje voldoende bewys. Dit het die aanhangers van die Calvinisme spoedig die vraag laat stel of die onderdaan onder alle omstandighede verplig is om die owerheid te gehoorsaam.

Reeds in die sestiende eeu het die Fransman Du Plessis Mornay in sy werk "Vindiciae contra Tyrannos" tot die gevolgtrekking geraak dat die onderdaan sy gehoorsaamheid aan die owerheid mag opsê, wanneer die owerheid iets doen wat teen die godsdienstige en morele opvattings van die onderdaan is. Hierdie reg tot opstand teen die owerheid is 'n beginsel wat diep in die Calvinisme gewortel is. Die onderdaan is volgens die Calvinisme geen blinde trou aan die staat of die owerheid verskuldig nie. Hierdie opvatting het deur die Calvinisme ook deel van die Afrikaner se lewensbeskouing geword.

Die meeste persone wat 'n leidende aandeel aan die protesbeweging teen die aanval op Duits-Suidwes-Afrika geneem het, was godsdienstige Boere. Vir hulle het die Bybel as rigsnoer ook in die politieke lewe gedien. Die Bybel het hulle geleer om na die stem van hul gewete te luister en om God meer gehoorsaam as die mens of die owerheid te wees. Waar die owerheid 'n stap gedoen het wat na hul beskouing 'n verkragting van hul Bybelse gehoorsaamheidsplig was, het die Gereformeerde Calviniste tot verset oorgegaan.

Die aanloop

Die Afrikanerrebellie van 1914-1915 was gemik teen die Suid-Afrikaanse regering se ondersteuning van die Britse oorlogspoging teen Duitsland en die Suid-Afrikaanse inval in Duits-Suidwes-Afrika ná die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog. Daar was talle vonkies wat die kruitvat van Afrikanerverset laat ontplof het. Die internasionale politieke konteks het in twee belangrike opsigte die sluimerende gees van verset in Afrikanergeledere wakker gemaak: Die eerste faktor was die verskuiwing van die magsewewig in die internasionale politiek as gevolg van die unifikasie van Duitsland in 1871. Benjamin Disraeli het melding gemaak van "the German revolution, a greater political event than the French Revolution

Vervolg op bl. 19

Vervolg van bl. 18

of the last century … There is not a diplomatic tradition which has not been swept away. You have a new world … The balance of power has been entirely destroyed." Met groeiende kommer het Brittanje die opkomende industriële mag van Duitsland dopgehou. Tweedens het Brittanje haarself al hoe meer geïsoleerd in die internasionale politiek bevind. Reeds enkele maande ná die einde van die Anglo-Boereoorlog het lord Selborne die Duitse vlootbouprogram met argwaan waargeneem en opgemerk dat dit toenemend duidelik is "that it is designed for a possible conflict with the British fleet".

Reeds tydens die Imperiale Konferensie van 1907 het Brittanje gewag gemaak van die militêre hulp wat die Britse kolonies (insluitend Suid-Afrika) verplig sou wees om te verleen in geval van 'n komende konflik wat die "nasionale bestaan" van Brittanje sou bedreig. Die Britse kolonies is op die hart gedruk dat "mutual support at a time of emergency" geverg sou word indien Brittanje in die toekoms in 'n groot militêre botsing betrokke raak. Brittanje het gesteun op wedersydse hulp en ondersteuning van haar kolonies.

Twee bekende Boeregeneraals van die Anglo-Boereoorlog, Louis Botha (eerste minister) en Jan Smuts (minister van verdediging) het na aanleiding van die Imperiale Konferensies van 1907 en 1911 die vaste voorneme gehad dat aangesien die Unie van Suid-Afrika deel van die Britse Ryk was, dié land tydens 'n komende oorlog aan die sy van Brittanje sou veg. Met 'n slim stukkie taktiek het Smuts daarin geslaag om die Verdedigingswetsontwerp van 1912 deur die Parlement te loods ingevolge waarvan Suid-Afrika aktief aan Britse kant sou veg in geval van oorlog. Toe Brittanje op 4 Augustus tot die Eerste Wêreldoorlog toetree, het Louis Botha die Britse regering in kennis gestel van die Unie se bereidwilligheid om imperiale troepe vir oorlogsdiens elders beskikbaar te stel. Drie dae later doen die Britse regering navraag by die Unieregering of Suid-Afrika op Duitse radiostasies by Lüderitz, Swakopmund en elders in Duitswes-Afrika beslag kan lê. Op 9 Augustus het Brittanje 'n verdere versoek gerig dat 'n gesamentlike vloot- en landmagoperasie uitgevoer moes word om die inbesitname van die radiostasies in Duiswes-Afrika te bewerkstellig. Die volgende dag verwittig Botha die Britse regering dat die gesamentlike operasies uitgevoer moes word om die radiostasie in besit te neem.

Namate die pro-Britse gesindheid van die Unieregering aan die lig kom, ontplooi Afrikanerverset teen die Unieregering se ondersteuning van die Britse oorlogspoging. In Afrikanergeledere kom patriotgesindes al hoe meer teenoor Britsgesindes te staan. Boereoffisiere wat tydens die Anglo-Boereoorlog sy aan sy teen Britse imperialisme geveg het, staan mettertyd in opponerende kampe. Teenoor Botha, Smuts en volgelinge soos Ben Bouwer en George Brand, staan Afrikanerpatriotte soos generaals J.H. (Koos) de la Rey, C.R. (Christiaan) de Wet, Manie Maritz, C.F. (Christiaan) Beyers en J.C.G. (Jan) Kemp. Patriotiese Afrikaners het veral opgesien na De la Rey en De Wet om leiding te neem in die groeiende verset teen ondersteuning van die Britse oorlogspoging en die voorgenome inval in Duitswes-Afrika. De la Rey se dood as gevolg van 'n tragiese toeloop van omstandighede het talle Afrikaners verbitterd gelaat en gerugte dat die Botha-regering vir sy dood verantwoordelik is, is wyd gehoor.

Daar was egter ook ander faktore wat die vuur van ontevredenheid in Afrikanergeledere aangewakker het. Grootskaalse armoede in Afrikanergeledere, die knellende droogte van 1914 en toenemende wantroue in die regering se vermoë om verligting vir Afrikaners op die platteland te bewerkstellig, het verdere weerstand teen die regering se pro-Britse houding opgewek. Bykomend daartoe is Afrikaners se taalbelange sedert die Anglo-Boereoorlog verwaarloos en is voorkeur gegee aan Engelssprekendes in staatskantore en op die spoorweë, veral in die hoogste posisies. Later, tydens sy verhoor, het Jopie Fourie die taalkwessie aangeraak. Hy het getuig dat hy besef dat die regering (as gevolg van verset) met hom teleurgesteld is: "Dog, ek is ook teleurgesteld met die regering, 'n regering wat ek daar met die opoffering van my bloed geplaas het. Daar is 'n praatjie van gelyke regte. Gaan na die tronk en ontvang 'n gewone kwitansie vir 'n pyp (spreker strek hier sy hand uit met die kwitansie vir sy pyp tussen sy vingers) en kyk en oortuig uself of daarop 'n enkele Hollandse woord staan."

Generaal J.B.M. Hertzog se weglating uit die Botha-kabinet vanweë sy pro-Afrikaner-uitsprake, sy toespraak by De Wildt in 1912 en die stigting van die Nasionale Party in 1914, het benewens bogenoemde faktore Afrikanernasionalisme – wat sedert die Anglo-Boereoorlog op die agtergrond was – sterk na vore gebring. Koerante soos *Het Westen* het 'n belangrike bydrae gelewer om Afrikanernasionalisme op te wek.

Ledebydraes

Ons beleid oor VCHO-lidmaatskap en bydraes bepaal dat enigeen wat die VCHO se grondslag en missie onderskryf as lid aanvaar word, met volle stemreg tydens kongresse. Wat bydraes betref, is die bepaling dat dit vrywillig en na vermoë sal wees. Selfs die kleinste bydrae word met dank aanvaar. Ons uitgawe het weliswaar die afgelope jare toegeneem, maar sonder dat ons dit van lede ge-eis het dat hulle hul bydraes dienooreenkomstig verhoog. Ons het wel enkele jare gelede aangedui dat dit die VCHO, byvoorbeeld, R30 kos om 'n enkel-eksemplaar van drie uitawes per jaar van Roeping & Riglyne te versprei. Dan is die uitleg, druk- en versendingskoste hierby ingesluit. Baie van ons lede het positief hierop reageer en uit hulle eie hul bydraes verhoog, talle na heelwat méér as die gekoppelde bedrag. Bydraes wat meer as die gekoppelde bedrag beloop stel ons in staat om bykomende projekte te onderneem.

Terwyl dit die uitgangspunt is om koste so laag as moontlik te probeer hou, is die VCHO ook steeds aan die uitwerking van prysverhogings onderworpe. Waar dit enigsins haalbaar is word besparings bewerkstellig, maar dit is nie in alle omstandighede moontlik nie. Nogtans kon daarin geslaag word om ons uitgawe die afgelope jare onder beheer te hou. Die VCHO is oorspronklik as 'n nie-winsgewende Vereniging geregistreer, en is daarom nie 'n handeldrywende besigheid nie. Die ondersteuning van ons lede ook op finansiële gebied, ten einde die voortgang van ons Vereniging te verseker, is daarom uiters belangrik. Enkele jare gelede het ons daarin geslaag om die VCHO as 'n artikel 30 "openbare weldaadsorganisasie" te registreer, wat meebring dat skenkings aan die VCHO van belasting ingevolge artikel 56(1)h van die Inkomstebelastingwet vrygestel is.

Ons wil hiermee graag ons lede wat hulle bydraes getrou maak, ongeag of dit kleiner of groter is, van harte bedank. Dankie vir die lede wat hulle bydraes uit eie beweging verhoog het, en dankie vir ruim donasies wat ons van tyd tot tyd ontvang, wat ons in staat stel om steeds met ons werk te kan voortgaan. Onlangs word daar naas 'n aansienlike bydrae op ons bankstate slegs die volgende aangedui: "Liefnis". Ons weet nie van wie hierdie bydrae is nie, maar wil net sê: baie dankie.

Intekening - Roeping en Riglyne

Ek/ons
Naam ……

Adres:…… Tel nr……..
…….. Sel nr……..
……. E-pos…….. Kode……..

teken hiermee in op die tydskrif, Roeping en Riglyne, ten opsigte waarvan ek/ ons onderneem om jaarliks gedurende ……..…..(maand waarin u die bydrae wil maak) 'n vrywillige bydrae van R……. te maak.

Handtekening:……Datum:……..

Skakelbesonderhede: Tel. 051 - 525 2341

Bankbesonderhede: ABSA Bank, Loch Logan, takkode: 632 005, rekeningnr: 470-910-011
Tjek uitgemaak aan VCHO, of direkte inbetaling.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C. Bester
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath, Prof D.F.M. Strauss.

VCHO 50 (1999)

Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad: http://www.vcho.co.za

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Prof E.J. van Niekerk (Pretoria), Ds R. Bain (Potchefstroom), Prof I.H. Horn (Pretoria), Prof H.G. Stoker (Potchefstroom), Dr A.L.A. Buys (Pretoria) en Mnr M. Diedericks, (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Prof J.A.E. Adendorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes